Hoërskool Pretoria-Noord

Graad 9

Afrikaans Huistaal

Vraestel 4: Taak 6

Junie 2016

Tyd: 1 uur 30 minute

Totaal: 100/10 = 10

Eksaminatrises: Mee. H. Roux en M. Basson

10

---

**Naam en Van:** MEMO **Graad 9:** ______

**Barret**
1. Toon begrip van die teks
2. Demonstreer
3. Figuurlike gebruik en interpreteer
4. Beoordeel inhoud
5. Waardering

**Let wel:**

Hierdie vraestel bestaan uit:

- Poësie (30)
- Kortverhale (25)
- Drama en (25)
- Volksverhaal (20)

Instruksies:

- Beantwoord al die vrae.
- Skryf in blou pen.
- Punte sal vir slordige werk afgetrek word.
- Moet asseblief nie prentjies op jou vraestel teken nie.
- Baie sterkte!

## Vraag 1:

***Poësie***

***Slaap***

*Let wel: Die gedig is op die aparte folio afgerol.*

1.1. Verklaar die letterlike en figuurlike betekenis van die gedig se titel, naamlik "Slaap".

Letterlik: ______________________________

______________________________ (1)

Figuurlik: ______________________________

______________________________ (1)

1.2. Tipografie:

1.2.1. Die gedig bestaan uit 14 reëls. Wat noem ons dié tipe gedig?

______________________________ (1)

1.2.2. Wat noem ons die strofe wat uit 8 versreëls bestaan?

______________________________ (1)

1.2.3. Wat noem ons die strofe wat uit 6 versreëls bestaan?

______________________________ (1)

1.3.

> "Wat is die slaap 'n wondersoete ding!
> Sag op haar oë daal die vaak"

1.3.1. Identifiseer die alliterende klank.

______________________________ (1)

1.3.2. Identifiseer die assonerende klank.

______________________________ (1)

1.4. Noem drie maniere hoe "God" in reël 9 beklemtoon word.

✓ ______________________________

✓ ______________________________

✓ ______________________________ (3)

1.5. Wat simboliseer r.14 se "as ek gaan rus"?

______________________________ (1)

1.6. Identifiseer die eindrymskema van die eerste agt versreëls.

______________________________ (1)

1.7. Watter emosie word gewek met die uitroepteken aan die einde van versreël 1?

______________________________ (1)

## ***Die Begrafenis – Eitemal***

*Let wel: Die gedig is op die aparte folio afgerol.*

1.8. Na wie se begrafnis word hier verwys? Haal 'n gedeelte aan ter motivering van jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.9. Beskryf die reaksie van die volgende persone t.o.v. die persoon se begrafnis. Jy mag nie meer as 15 woorde telkens gebruik nie.

1.9.1. Die vreemdeling: ______________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.9.2. Die skoonfamilie: ______________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.9.3. Die dokter: ______________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.9.4. Die predikant: ______________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.10. Waarom word daar verwys na "'n man" en nie na "die man" nie? ______________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.11. Wat word 'n strofe wat uit twee versreëls bestaan, genoem?

______________________________________________________________ (1)

1.12.

1.12.1. Benoem die eindrymskema van die gedig.

______________________________________________________________ (1)

1.12.2. Wat is die funksionaliteit van die eindrym?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.13. Waarmee dink die mense kan hulle die kindertjies se hartseer verdryf?

______________________________________________________________ (1)

1.14. Gee 'n sinoniem vir:

1.14.1. Dokter: ______________________________________________ (2)

1.14.2. Predikant: ______________________________________________ (2)

**Totaal: 30**

---

## Vraag 2:

***Kortverhale***

***Stop die têksie – E.K.M. Dids***

> *"Al ooit 'n dag beleef waarin alles van sonop tot sonsak verkeerd gaan? Wel, vandag was dit so 'n dag vir my en my hare staan nog steeds so regop soos uitgedroogde doringnaalde op my kop"*

2.

2.1. Voltooi die idioom/ spreekwoord wat by die aanhaling aanpas deur net die onbekende woord in te vul. (Kies een van dié tussen hakkies)

Die ______________________ van voor kry. (Probleme, wind, moeilikheid) (1)

2.2. "... hare staan nog steeds so regop." Gee die intensiewe vorm van "regop".

______________________________________________ (1)

2.3. Wat het aanleiding daartoe gegee dat die verteller so geskrik het?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

2.4. Noem drie soorte vervoermiddels waarvan die verteller gebruik gemaak het om by haar werk te kom.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

2.5. Hoekom was sy bang om weer laat by die werk op te daag?

______________________________________________ (1)

2.6. Benoem die beeldspraak wat in die laaste sin van die aangehaalde gedeelte na vore kom.

______________________________________________ (1)

## ***Die R5,00-Cheesecutter – Do-Jo Wessels***

> *1. "SY NIES!*
>
> *2. Die spieël spat vol spoeg en tandepasta, sodat net haar welgevormde neus en die R5,00-cheesecutter sigbaar is. In haar verbeelding herskep sy haar gesig. Eensklaps verander st, soos die lelike eendjie, en het sy hoë wangbene, 'n skraal ovaalvormige gesig en fyn, vroulike lippe. Haar pofferige hand smeer alles weg, tot 'n niksseggende pappery.*
>
> *3. Mercia is die produk van 'n te vrygewige ouma en 'n ma wat haar skoonma vrees. Die lekkers wat haar ouma nie vir haar wou gee nie het haar pa in elke geval huis toe aangedra. Ma was maar altyd die een wat probeer keer het, die wrede een. Ma wou haar alewig net op 'n dieet sit. En nou weeg Mercia 'n volle tagtig kilogram, sy is sestien en die puisies kors op haar gesig. Daar is niks besonders aan haar breinkrag nie. Niks besonders aan haar stem nie. Niks besonders aan haar sporttalent nie, kortom, daar is niks besonders aan Mercia nie, behalwe haar gewig."*

2.7. Watter soort verteller word in die kortverhaal aangetref?

________________________________________ (1)

2.8. Wat is die naam van die verteller?

________________________________________ (1)

2.9. Noem een voordeel van die tipe verteller.

________________________________________ (1)

2.10. Haal die idioom in die teksgedeelte aan wat 'n aanduiding is dat die verteller nie mooi is nie.

________________________________________ (1)

2.11. Noem drie karaktereienskappe van die verteller.

~ ________________________________________

~ ________________________________________

~ ________________________________________ (3)

2.12. Haal doe kontras aan wat in die aangehaalde gedeelte sterk op die voorgrond tree.

________________________________________

________________________________________ (1)

2.13. Wie was die verteller se enigste vriendin?

________________________________________ (1)

2.14. Dink jy sy was 'n ware vriendin? Motiveer deur na die insident te verwys.

________________________________________

________________________________________ (1)

2.15. Hoekom sukkel die verteller met haar gewig?

~ ________________________________________

~ ________________________________________ (2)

2.16. Haal twee opeenvolgende woorde aan uit die aangehaalde teks wat aandui dat daar darem iets is waaroor die verteller ten minste oor haarself positief voel.

______________________________________________ (2)

2.17. Haal die woord aan in paragraaf 3 wat 'n sinoniem is van gesigsuitdrukking.

______________________________________________ (1)

2.18. Wat noem ons kinders tussen die ouderdom van dertien tot negentien?

______________________________________________ (1)

**Totaal: 25**

---

## Vraag 3

***Drama***

***Eerste April***

3.

3.1. Waarmee word "Eerste April" altyd geassosieer?

______________________________________________ (1)

3.2. Die titel van enige literêre werk gee altyd 'n aanduiding waaroor die inhoud gaan handel. Voltooi die idioom dier die ontbrekende woord in te vul wat pas by die titel.

Iemand 'n ____________________ trek (1)

| |
|---|
| Piet : En wie het vir jou gesê dat Dominee by meneer kom kla het?<br>Elsa : Meneer se eie dogter- seker weer jammer vir jou. |

3.3. Watter afleiding kan jy maak uit Elsa se aanmerking oor die verhouding tussen Piet en Dominee se dogter?

______________________________________________ (1)

3.4. Noem die name van die ander karakters wat by die vrugtestelery betrokke was.

______________________________________________ (2)

3.5. "Iemand moes gaan verklik het!"

3.5.1. Wie word as verklikker verdink?

______________________________________________ (1)

3.5.2. Hoekom het hy nie saam vrugte gaan steel nie?

______________________________________________ (1)

3.5.3. Behalwe vir dié karakter wie het ook nog van die vrugtestelery geweet?

______________________________________________ (1)

3.6. Wat gaan die drie vrugtestelers vir die hoof vertel van die sogenaamde verklikker as hulle kantoor toe geroep word?

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

3.7. Watter saak het die juffrou met die hoof bespreek?

______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

3.8. Hoekom vra die hoof vir die juffrou om vir Koos na sy kantoor te stuur?

______________________________________________________ (1)

3.9. Voltooi deur die onbekende woord in te vul.

Koos het in die kantoor met die hele sak ________________________ (1)

vorendag gekom.

3.10. Hoekom sê Koos het hy die hoof se tee en toebroodjies gesteel?

~ ______________________________________________________

~ ______________________________________________________ (2)

3.11. Rangskik kolom B sodat dit by kolom A pas. Skryf net die korrekte letter in die betrokke spasie.

Wat noem ons die volgende by die afrigting van 'n toneelstuk?

| **Kolom A** | | | | **Kolom B** | |
|---|---|---|---|---|---|
| I | Akteurs | I | | A | bedrywe |
| II | Toneelaanwysings | II | | B | souffleur |
| III | Regisseur | III | | C | neweteks |
| IV | Helper as karakter sy woorde vergeet | IV | | D | karakters |
| V | Verskillende "dele" van 'n toneel | V | | E | afrigter |

3.12. Rangskik kolom B sodat dit by kolom A pas. Skryf net die korrekte letter in die betrokke spasie.

| **Kolom A** | | | | **Kolom B** | |
|---|---|---|---|---|---|
| I | Du Plessis | I | | A | Stoutigheid |
| II | Inbraak | II | | B | Polisieman |
| III | Gelas | III | | C | Diefstal |
| IV | Kattekwaad | IV | | D | Skoolhoof |
| V | Brink | V | | E | Beveel |

## Vraag 4

## ***Volksverhaal***

*Let wel: die verhaal is op die aparte bladsy afgerol.*

4.

4.1. Kies uit die woorde tussen hakkies wat as sinoniem kan dien vir "volksverhaal", naamlik (sage/ oorlewering / fabel).

______________________________________________ (1)

4.2. Watter karaktereienskappe sou die soldaat die beste pas. Skryf slegs die korrekte letter as antwoord neer.

a) beskeie b)selfvoldaan c)teruggetrokke ______________________ (1)

4.3. Was godsdiens vir die soldaat belangrik gewees? Motiveer jou antwoord in nie meer as 30 woorde nie. ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

4.4. Wat is die boodskap van dié volksverhaal?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

4.5. Soek sinonieme in die teks vir die volgende:

4.5.1. Troep: ______________________________________________

4.5.2. Oorlogkuns: ______________________________________________

4.5.3. Tevredenheid: ______________________________________________

4.5.4. Ongemerk: ______________________________________________ (4)

**Totaal 10x2 = 20**

---

**Groottotaal 100**

## Slaap

Wat is die slaap 'n wondersoete ding!
Sag op haar bloue oë daal die vaak
soos maneskyn diep waterkuile raak
om daar te droom in silwer skemering.
Vir laas beef oor haar lippe 'n fluistering:
„Nag, Pappie." Ek merk hoe langsaam hy genaak,[1]
wat drome soet tot werklikhede maak:
in vaderarms rus my lieweling.
Sluit so my oë, God, wanneer vir my
u Engel wenk ter laaste, lange rus
en ek van wilde woeling hier moet skei;
dat my dan stille drome huis toe sus
en sterke Hand deur duisternisse lei.
Sluit so my oë, God, as ek gaan rus.

Uit: *Klokgrassies,* Het Westen.

## Langsaam lui die koperklok

Langsaam lui die koperklok
somber verhaal uit die toringnok.

Oor die lang vaal straat sleep swaar die rou,
die lykwawiele verf stof se grou.

Langsaam lui die koperklok
somber verhaal uit die toringnok:

van bloedjong lewensvlam gedoof,
van weeskindlente bloeiselberoof.

Om die straat se hoek by die kweperlaan
dam die stoet soos dit kerkhof toe gaan.

Die koster bereik die kerkhofpoort,
en agterna skuiwe dit langsaam voort.

Bo in sondeurglansde lug
draai 'n spierwit duif in sirkelvlug.

1. Nader kom.